

WAAR NALATENSKAP VLERKE GEE

Durbiebond: terugploeg, saamstaan en vorentoe bou

Saam bou ons aan die toekoms van elke Durbie, ons skool en ons gemeenskap.

In 2027 bereik Durbanville se skoolgemeenskap 'n seldsame mylpaal: 200 jaar sedert die skool in 1827 tot stand gekom het. Twee eeue later word 'n skool se waarde steeds nie net aan geboue, uitslae of trofee gemeet nie, maar aan die mense wat onthou waar hul wortels lê — en bereid is om iets terug te ploeg.

Die Durbiebond is 'n jonger deel van hierdie lang verhaal, maar sy roeping is so oud soos gemeenskapsgees self: om mense te verbind, hand aan die ploeg te slaan en die volgende geslag sterker te laat staan as die vorige een. In die gees van die skool se eie woorde — die durf om te werk en nie moed te verloor nie — word nalatenskap hier nie bloot onthou nie; dit word gedoen.

Meer as 'n oudleerdernetwerk

Sedert die Hoërskool Durbanville Durbiebond in 2021 in die lewe geroep is, was die organisasie reeds by honderde projekte betrokke, met bydraes van meer as R2 miljoen. Die maatstaf is nie hoe groot 'n projek op papier lyk nie, maar hoeveel verskil dit in 'n mens, 'n span, 'n fasiliteit of 'n gemeenskap se lewe maak.

Daarom strek die Durbiebond se voetspoor van klein, onmiddellike gebare tot groot, sigbare infrastruktuur: water en versnaperinge vir sportspanne en kultuurgroepe; sportuniforms en koorhemde; skootrekenaars; bou- en opknappingsprojekte; ondersteuning aan die koshuis; gemeenskapsinisiatiewe; en bydraes tot sport-, kultuur- en skooltoere.

Wanneer ondersteuning 'n mens se pad verander

Van die Durbiebond se belangrikste werk gebeur juis buite die kollig. Nie elke bydrae kom met 'n gedenkplaat nie. Soms is die verskil bloot dat 'n leerder tog op die bus kan klim, saam met sy of haar span of kultuurgroep kan toer, die nodige logistieke ondersteuning ontvang, of in 'n tyd van werklike nood in die koshuis kan aanbly.

Die Durbiebond dra finansiële by tot leerders se toeruitgawes oor verskeie sportkodes en kultuuraktiwiteite, individuele leerderondersteuning en logistieke koste. Waar dringende behoefte dit vereis, word behoeftige leerders ook met onder meer koshuisfondse ondersteun. Dit is waar 'n fondsinsamelingsbedrag 'n menslike verhaal word — en waar 'n gemeenskap se omgee tasbaar raak.

“Dit is vir ons belangrik om ondersteuning op alle vlakke te bied — van akademie, sport en kultuur tot leefstyl en leierskap. Die fokus moet op die holistiese ontwikkeling van al ons leerders en die gemeenskap wees.”

Dick Koekemoer, Durbiebond

Nalatenskap wat hande en voete kry

Die Durbiebond reël en ondersteun ook reünies, oudleerderbyeenkomste, sosiale funksies en fondsinsamelingsgeleenthede. Só word oud-Durbies nie net teruggenooi om herinneringe te deel nie; hulle word weer deel van die lewende netwerk rondom die skool.

In die aanloop tot 2027 sluit die Durbiebond se ontwikkelingsagenda onder meer die digitale telbordprojek op die A-veld, nuwe digitale kommunikasie- en lidmaatskapplatforms en voortgesette samewerking met die plaaslike sakegemeenskap in. Die doel is telkens dieselfde: om vandag se energie in môre se volhoubare waarde te omskep.

Skoolhoof: “Drome en ideale kry vlerke”

Vir mnr. Coenie Venter, skoolhoof van Hoërskool Durbanville, lê die Durbiebond se waarde juis in die manier waarop oudskoliere se verbondenheid terugvloei na die skool en sy leerders.

“Die Durbiebond dien as 'n tuis vir trotse oudskoliere wat die beginsel van nalatenskap verstaan en dienooreenkomstig bereid is om steeds, op welke manier denkbaar, betrokke te wees by die skool. Dit op sigself word 'n tasbare bemerkingsinstrument waar belewenisse in persoon gedeel word om hul alma mater uit te bou.”

Mnr. Coenie Venter, skoolhoof

“Dit skep verder die platform om konstruktief betrokke te wees by die skool en die vele inisiatiewe van die Durbiebond om deur projekte die skool te bemagtig. Hierdie bemagtiging is nie net monetêr van aard nie, maar verseker dat vele leerders se drome en ideale vlerke kry, daar waar dit nodig is.”

Mnr. Coenie Venter, skoolhoof

“Die Durbiebond is medebewakers van die korporatiewe identiteit van die skool. Die manier waarop dinge gedoen word, getuig van die standaard en karakter wat die kernwaardes van die skool vergestalt. As hoof is ek die Durbiebond baie dank en waardering verskuldig. Hulle help om 'n bepaalde, aanvaarbare leefwyse te vestig en gemeenskapsbetrokkenheid onder oudskoliere aan te wakker.”

Mnr. Coenie Venter, skoolhoof

Terugploeg omdat jou wortels hier lê

Volgens Ernst Koen, oudleerder en stigterslid, is die Durbiebond die resultaat van dekades se liefde en passie vir die skool deur talle rolspelers. Met die 200-jarige bestaansmylpaal in die vooruitsig het die stigterslede reeds in 2020 begin saamstaan, waarna die Durbiebond in 2021 formeel tot stand gekom het.

"Die gemeenskap en skole in Durbanville het 'n groot rol in my vorming as persoon en karakter gespeel. Om die dorp en die breër gemeenskap van kindsbeen af te kon ervaar, was en is steeds 'n geweldige voorreg wat ek nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Dit was dus 'n eenvoudige besluit om op so 'n manier dankie te sê aan alle rolspelers en iets terug te ploeg in die dorp waarvoor ek baie lief is en waarop ek baie trots is."

Ernst Koen, oudleerder en stigterslid

Nalatenskap is 'n werkwoord

By die Durbiebond is nalatenskap nie 'n museumstuk nie; dit is 'n werkwoord. Dit leef wanneer 'n oud-Durbie terugkom, wanneer 'n besigheid 'n projek moontlik maak, wanneer 'n ouer hand bysit, wanneer 'n leerder 'n geleentheid kry wat andersins buite bereik sou wees, en wanneer 'n gemeenskap saam besluit dat goeie dinge die moeite werd is om te bewaar én verder te bou.

Tweehonderd jaar vertel waar ons vandaan kom. Wat ons vandag doen, bepaal wat die volgende geslag eendag oor óns sal vertel. Dit is die Durbiebond se uitnodiging: onthou jou wortels, deel jou vermoë, en help skep aan die nalatenskap wat ná ons sal voortleef.

SLUIT AAN. BOU SAAM. PLOEG TERUG.

Lidmaatskap

Oud-Durbie: oudleerders van Hoërskool Durbanville.

Pro-Durbie: ouers of voogde van huidige en oudleerders van Durbanville Voorbereidingskool, Laerskool Durbanville en Hoërskool Durbanville, asook huidige en voormalige onderwysers.

Durbienet: enige persoon wat nie binne bogenoemde kategorieë val nie, maar hom of haar as 'n vriend, ondersteuner of voorstander van die skoolgemeenskap beskou.

Hoe word ek lid?

Besoek durbiebond.co.za en voltooi die lidmaatskapvorm. Die jaarlikse ledegeld vir 2027 is R750.

Lede geniet onder meer toegang tot die Durbiebond-klubhuis op die skoolterrein, eksklusiewe Durbiebond-kleredrag en gereelde nuus en kommunikasie.

Hoe word die werk moontlik gemaak?

Die Durbiebond maak staat op ledegeld, fondsinsamelingsprojekte, geleenthede, borgskappe, donasies en diens- of produkbydraes van weldoeners.

Die Durbiebond is 'n geregistreerde nie-winsgewende maatskappy en 'n SARS-goedgekeurde openbare weldaadsorganisasie (PBO). Bona fide skenkings wat binne die organisasie se goedgekeurde artikel 18A-aktiwiteite val, kan onderhewig aan die toepaslike vereistes vir 'n artikel 18A-belastingkwitansie kwalifiseer.

Die Durbiebond-klubhuis

Die Durbiebond-klubhuis is op die skoolterrein bo die A-rugbyveld geleë en beskik onder meer oor braaigeriewe. Sportwedstryde word van die balkon af geniet, terwyl reünies, oudleerder- en gemeenskapsfunksies en Durbiebond-byeenkomste hier aangebied word. Dit dien ook as administratiewe basis vir die Durbiebond.

'n Ryk geskiedenis in Afrikaans én Engels

Durbanville se skoolgeskiedenis sluit 'n belangrike parallelmedium-hoofstuk in waarin Afrikaans én Engels deel van die onderrigtradisie was. Die Durbiebond erken daarom bewustelik ook sy Engelssprekende oudleerders en ondersteuners as deel van die breër Durbie-familie.

Terselfdertyd bly die organisasie se Afrikaanse erfenis, sy waardetaal en sy verbintenis tot Labor Ornat — Arbeid Adel — 'n bepalende deel van sy identiteit.

Projekte en bydraes oor die jare heen

Benewens deurlopende borgskappe, funksies, toere en individuele ondersteuning, sluit die Durbiebond se projekspoor onder meer die volgende in:

Deurlopend 2021–2027 Sport- en kultuurtoersubsidies aan leerders oor verskeie kodes en aktiwiteite

Deurlopend 2021–2027 Individuele leerderondersteuning en bydraes tot logistieke koste

Deurlopend 2021–2027 Noodondersteuning aan behoeftige leerders, insluitend koshuisfondse waar nodig

2021 Vervoer en installering van 'n klimraam by Valley Primary

2021 Beton vir die gooisirkel

2022 Bydrae tot 'n nuwe vloer in die Hoëprestasiesentrum

2022 Donasies en dienste vir die verfraaiing van die verkeersirkel

2022 Waterfentk aan die koshuis verskaf en boomstompe verwyder

2023 Verskeie borgskappe vir sportuniforms en koorhemde

2023 Donasies vir gholfdae, Durbie Dash en Laerskool Durbanville se wynveiling

- 2023** Oprigting van waardepilare by die skoolingang
- 2023** Skenking van skootrekenaars aan die skool
- 2024** Bydrae tot die Sarah Theron Music Room
- 2024** Verskeie donasies en ondersteuning aan behoeftige leerders
- 2024** Skenkings aan Huis Aristeia en die polisiestasie
- 2025** Grasvoorbereiding vir die Meerdoelige Sentrum
- 2025** Vloere vir die fisiokamer
- 2025** Hulp met die oprigting van 'n heining by die koshuis
- 2025** Bekleding van die hokkiepawiljoen
- 2025** Opknapping van die Moedergemeente se parkeerterrein
- 2026** Lugversorger vir die SGOS-kantore
- 2026** Donasie vir die orkestoer
- 2026** Netbalbaffies vir Durbanville Voorbereidingskool
- 2027** Aanbieding van die tweede gastronomiese aand

Labor Ornat | Arbeid Adel